



Calvyn as “praktiese teoloog”: die bydrae van ’n teodramatiese paradigma

I.A. Nell
Universiteit van Stellenbosch
Praktiese Teologie & Missiologie
STELLENBOSCH
E-pos: ianell@sun.ac.za

Teater is die plek waar die lewe van ’n samelewing in die openbaar aan daardie samelewing gewys word, waar daardie samelewing se aannames ten toon gestel en getoets word, waar sy waardes onder die vergrootglas kom, sy mites bevestig word en sy traumas embleme word van sy werklikheid. Teater is ’n openbare gebeurtenis, en dit is oor sake van openbare belang.

John McGrath (1990:11)

Abstract

Calvin as “practical theologian”: the contribution of a theodramatic paradigm

In order to ask the question about the role and place of a specific discipline (in this case Practical Theology), one must realise where one comes from. This article seeks to answer the question about the role of Practical Theology within the field of theology in conversation with some perspectives offered by the sixteenth-century reformer, John Calvin. It is argued that Calvin lived in a century that scholars regard as one of the golden periods in which the world of the arts and theatre flourished. Hence Calvin’s age was characterised by a dramatic vision of human existence and such a vision also had an impact on his own theological thinking. Against this backdrop, the article engages the question of the role and place of practical theology by proposing a theodramatic approach in which the possibilities that the notion of “re-dramatisation” holds, come to the fore.

Opsomming

Calvyn as “praktiese teoloog”: die bydrae van ’n teodramatiese paradigma

Om te vra na die rol en plek van ’n spesifieke dissipline (in hierdie geval Praktiese Teologie), moet ’n mens ’n goeie idee hê waar jy vandaan kom. Hierdie artikel poog om die vraag na die rol van Praktiese Teologie binne die veld van teologie te beantwoord in gesprek met sekere perspektiewe van die sestiede-eeuse hervormer, Johannes Calvyn. Daar word geargumenteer dat Calvyn in ’n eeu geleef het wat deur geleerdes gereken word as een van die goue periodes waarin die wêreld van kuns en teater hoogty gevier het. Calvyn se eeu is veral gekenmerk deur ’n dramatiese visie op die menslike bestaan en hierdie visie het ook ’n impak op sy denke gehad. Teen hierdie agtergrond tree hierdie artikel in gesprek ten opsigte van die rol en plek van praktiese teologie deur ’n teodramatiese benadering voor te stel. Dit is ’n benadering waarin die gedagte van ’n “herdramatisering” van die wêreld voorgestaan word.

1. Inleiding

In die resente werk van Stevenson-Moesner (2008:xi-xii) met die titel, *Prelude to Practical Theology*, maak sy van ’n dubbele analogie gebruik om studente tot die vakgebied in te lei. Die eerste is dié van ’n boom waarvan die wortels filosofiese teologie (op voetspoor van Friedrich Schleiermacher wat hierdie beeld die eerste keer gebruik het), die stam historiese teologie en die takke praktiese teologie verteenwoordig. Hiermee wys sy op die “kroonkarakter” van die praktiese teologie, maar ook op die organiese afhanklikheid van die verskillende dissiplines.

Die tweede analogie is dié van ’n orkes in ’n konsert waarmee sy die verhouding van praktiese teologie tot die ander teologiese dissiplines aantoon. Anders as wat die geval is met die optrede van ’n solis, gaan dit weereens hier oor die geheel van die orkes wat moet saamwerk om klanke te harmoniseer en hard te werk om toe te sien dat die klanke mekaar ook komplementeer.

In hierdie bydrae wil ek ook met so ’n dubbele analogie werk. My keuse val op Calvyn as praktiese teoloog (eerder as op Schleiermacher), en tweedens op die bydrae van ’n teodramatiese be-

nadering¹ (eerder as dié van 'n orkes in 'n konsert, maar tog óók binne die wêreld van estetika) tot die veld. Albei laasgenoemde keuses is op soek na teologiese integrasie waarin die verskillende teologiese dissiplines mekaar komplementeer.

Die motivering vir my aansluiting by die gedagtes van Calvyn is tweërlei van aard:

- Die eerste hou verband met die 500-jarige herdenking van sy geboortedag wat gedurende 2009 gevier is om daarmee ook erkenning te gee aan die invloed van sy teologie binne die gereformeerde tradisie.
- Die tweede het te make met die feit dat drama 'n intergrale deel was van die wêreld waarin Calvyn geleef en gewerk het en dat dit ook 'n direkte invloed op sy teologiese nadenke gehad het. Hier word gepoog om Calvyn en teodrama met mekaar te verbind.

Die motivering vir my aansluiting by 'n teodramatiese benadering het weer te make met 'n nuwe belangstelling wat oor die afgelope twee dekades ontwikkel het. Dit staan bekend as 'n "herdramatisering" van teologie.² In sy omvattende werk oor die Nihilisme bespreek Goosen (2007:17) die Modernisme en Postmodernisme en kom tot die gevolgtrekking dat ons wêreld gekenmerk word deur 'n "nihilistiese de-dramatisering". Daarom praat hy van "die verlies van die wêreld" deur die prysgawe van hierdie dramatiese verhouding. Hy konstateer hierdie prysgawe as 't ware die voorwaardes vir die Nihilisme wat so kenmerkend is van ons tyd.

Durand (2002:5) werk met dieselfde onderliggende oortuiging as hy skryf oor die "ontluistering van die wêreld"; 'n frase wat hy ontleen aan die Duitse filosoof en sosioloog, Max Weber. Volgens Durand is

1 'n Teodramatiese paradigma werk met teodramatiese kategorieë om die Godmensinteraksie te beskryf. Volgens Von Balthasar (1988) is dit 'n benadering wat die potensiaal het om 'n aantal teologiese metodes te kombineer deur van dramateologiese kategorieë gebruik te maak. So word die wêreld en die kerk die verhoog waarop God se storie dramaties uitspeel. Gelowiges het die verantwoordelikheid om die verhaal met integriteit op te voer binne 'n gemeenskap van liefde en geregtigheid.

2 Daar is uit verskillende oorde 'n nuwe belangstelling in die potensiaal van drama, nie net vir die praktiese teologie nie, maar vir ál die dissiplines binne die teologie. Vergelyk byvoorbeeld in Nuwe Testament: Wright (1992) en Anderson (1988); Kerkgeskiedenis: Quash (2005); Sistematiese teologie: Brown (2008); Vanhoozer (2005) en Von Balthasar (1988); en Praktiese teologie: Osmer (2005); Healy (2000) en Childers en Schmit (2008).

dit 'n baie suggestiewe frase: "Die mens het die betowerende tuin van religiositeit verruil vir die leegheid en kilheid van moderniteit." Anders gestel, ons het die warm teater van menswees verlaat vir die koue en dikwels eensame buitelug van rasionaliteit.³

In hierdie bydrae word dus gepoog om die vraag na die integrasie van praktiese teologie binne die teologiese ensiklopedie te beantwoord deur ondersoek in te stel na enkele insigte van Calvyn as praktiese teoloog en dit met 'n teodramatiese benadering in gesprek te bring. Die rede vir die soeke na 'n "her-dramatisering" is geleë in die oortuiging dat die praktiese teologie geïnteresseerd is in die "intriges van die 'plot' van geloofskommunikasie". Dit is in die konkrete uitdrukking van die mens se diepste geloofsoortuigings waar ons die nuanses en verrassings van die veld vind.⁴

2. 'n Dramatiese wêreldbeeld

Calvyn was 'n kind van sy tyd. Hy het in die sestiende eeu geleef – 'n eeu wat deur kenners beskou word as een van die goue periodes in die opbloeit van die kuns en teater. Die teater was die ideale kunsvorm om al die onsekerhede van hierdie periode van radikale veranderings onder die openbare oog te bring. Saam met hierdie sosiale veranderings het die menslike bestaansmoontlikhede uitgebrei met nuwe vroeë rondom identiteit en 'n verskeidenheid kulturele uitdrukkingsvorme van hierdie identiteit.

Gegronde in sowel die klassieke tekste en tradisies as in die Bybel, was 'n dramatiese visie op die mens se bestaan 'n kenmerk van Calvyn se tydgenote. Hierdie visie van die wêreld as 'n verhoog waarop alle mense akteurs is, het die Renaissance humanisme van die klassieke Latynse oratore oorgeneem en met nuwe betekenis gevul. Die "teater metafoor" vir die mens se lewe het dus die sestiende-eeuse diskoerse en die alledaagse lewe deurgetrek. Dit was natuurlik ook die eeu van Shakespeare (Bouwsma, 1988:177).

3 'n Belangrike kwalifikasie is hier ter sprake. Wat Goosen en Durand beskryf is hoofsaaklik binne die westerse religieuse paradigma van toepassing. Ter Haar (2008:31-48) wys oortuigend dat religie in Afrika nie noodwendig dieselfde "ontluistering" of "de-dramatisering" ondergaan het nie.

4 Vergelyk Immink (2003) wat 'n prakties-teologiese studie doen oor die geloofslêwe waarin hy die vraag na die rol van die menslike subjek aan die orde stel. Hy ondersoek die wyse waarop geloof in wisselwerking is met die alledaagse leefwêreld, maar waarin dit nie net oor die mens gaan nie, maar spesifiek oor die mens se geloof in God.

Hierdie “teatrale aard” van die mens se bestaan was deel van die suurstof wat Calvyn ingeasem het. Daarom dat hy die wêreld beskryf as ’n “glorieryke teater” waarin ons as toeskouers die werke van God aanskou (Calvin, 2006, 1:vi, 2). Durand (2007:156) skryf in hierdie verband:

For Cicero the universe was a temple. With Plutarch Calvin rather chooses as his ruling metaphor the theatre. The magnificent theatre of heaven and earth, crammed with innumerable miracles, says Calvin, Paul calls the ‘wisdom of God’. Contemplating it, we ought in wisdom to have known God. But because we have profited so little by it, he calls us to the faith of Christ.

Die mens is egter nie net ’n toeskouer in hierdie teater nie. Hulle is ook die akteurs. Dit is ook die rede waarom Calvyn die dramatiese gebeure in die lewens van diegene met mag en invloed raakgesien het. Hy skryf in sy kommentaar oor Jeremia 38:25-36 hoedat die konings as ’t ware in die teater geplaas word met die oë van almal wat op hulle gerig is. Hy het egter ook die drama in die lewe van alledaagse mense raakgesien. Vanuit Strasbourg het Calvyn die ontwikkelings in Genève as ’n dramatiese opvoering dopgehou en kon hy nie die “katastrofie” wat daar afspeel, begryp nie.

Ook sy eie lewe het hy dikwels in dramatiese terme beskryf. So skryf hy in 1552 vir Melanchthon: “I am not ignorant of the position in this theater to which God has elevated me” en ’n paar jaar later met heelwat selfvertroue:

Let this (church) be my theater and content with its approval, though the whole world should hiss me, my courage will never fail. I am far from envying silly and noisy declaimers when they enjoy their small laurel of glory in a dark corner for a little while. What is worthy of applause or odious to the world is not unknown to me. (Bouwsma, 1988:178.)

3. Antiteatrale vooroordeel?

Alhoewel Calvyn hierdie teatrale perspektiewe van sy tyd gedeel het, was hy ook ongemaklik daarmee. Die dubbelsinnigheid van “spel” in die sin van “rollespel” het hom gepla. In die alledaagse lewe speel ons volgens hom dikwels rolle waaragter die ware self wegkruip om aan ander se verwagtings te voldoen of om hulle dalk te mislei. Om ’n rol op die verhoog te speel, beteken om die outentieke self met ’n onnatuurlike self te vervang. Daar word dus as ’t ware agter ’n masker weggekruip en ’n sogenaamde *persona* aan-

geneem. In baie van Calvyn se briewe en kommentare vind ons wat Barish (1981:102) ’n “anti-theatrical prejudice” noem, waarin baie van die opvoerings op die lewensverhoog met die sondige praktyke van die mens in verband gebring word.

In sy kommentaar oor Daniël 3:3-7 vaar hy uit teen die misleiding van die teater, terwyl hy weer in sy kommentaar oor Jeremia 9:17-18 selfs die pousdom beskuldig van “fantastiese teatraliteit”. In dieselfde asem hanteer hy geveinsdheid, omdat persoonlike integriteit vir hom so belangrik was. Eerlikheid was vir Calvyn die sentrale deug, vandaar ook die hand wat die hart offer as sy persoonlike embleem. Calvyn was verder bewus van die feit dat die oorsprong van geveinsdheid in die teater te vind is, aangesien geveinsdheid die uitstaande kenmerk was van ’n persoon wat fiktiewe rolle in die teater en by feeste opgevoer het (Calvin, 2006, 3:xii, 4). As teengif hiervoor was selfondersoek vir hom baie belangrik. ’n Mens moet in die lig van God se wet jouself soos in ’n spieël sien en hierdie valsheid in jou optrede erken en bely.

Tog was daar volgens Bouwsma (1988:178) ’n paradoks aanwesig in Calvyn se oproep tot selfondersoek as “die manier om die outentieke self te herwin”. Deur die gevolgtrekking “The only way to please God is to be severe in censuring ourselves” was Calvyn egter reeds besig om self ’n rol vir die mens voor te skryf, naamlik “the role of repentant sinner, to be played self-consciously and self-critically”.

Dit is duidelik hoe problematies die verhouding tussen rol en realiteit in hierdie sentrale aspek van ons menslike bestaan is. In plaas daarvan dat die integriteit van die self hierdeur herstel word, vind ons die skeiding tussen waarnemer en die voorwerp van waarneming, dus tussen gehoor en akteur. Nie een van die twee is in staat om natuurlik en spontaan op te tree nie, aangesien ons hier met selfbewuste en bestudeerde gedrag te make het.

Bouwsma (1988:181-182) konkludeer “[h]e was driven back by theatricality even by his effort to escape it” en gaan voort om uit te wys hoedat Calvyn juis met behulp van dramatologiese kategorieë in sy nadenke oor God, die skepping, die voorsienigheid en vele van sy ander leerstellings te werk gegaan het. Selfs in sy gebruik van die begrip *roeping* (*vocatio*) en sy eie inkleding van die rol, kan dit bemerk word. Hy het byvoorbeeld gereken dat hy nie goed genoeg toegerus was vir die rol om Farel in Genève te help nie, en hy was nooit gemaklik in die aktiewe rolle wat hy geglo het God van hom verwag nie. Hy was nietemin bereid om hierdie rolle te speel, omdat

daar, volgens hom, nie noodwendig 'n korrelasie tussen 'n mens se natuurlike talente en jou roeping bestaan nie. Calvyn het daarom ook rolmodelle in die Skrif geïdentifiseer as voorbeelde van navolging vir gelowiges.

Juis hierin lê, myns insiens, 'n belangrike vertrekpunt vir 'n herdramatisering van praktiese teologie. Die teatrale of dramatiese aard van die lewe moet nie ontken word nie, maar daar moet eerder tgevra word na die kwaliteit en inhoud van die “opvoering” en die “rolle wat ons speel”, want 'n mens vind immers goeie en swak teater, goeie en swak preke, goeie en swak leiers, goeie en swak teologie, en so meer. Dit bring 'n mens by die kernvraag, naamlik wat Calvyn as die basiese plot vir deelname aan die drama van die Christelike lewe beskou.

4. Calvyn se plot

Aan die begin van die artikel is daarna verwys dat praktiese teologie in die detail en konkrete uitdrukking van alledaagse geloofskommunikasie geïnteresseerd is, dus in die fyn nuanses van die intrige van menswees, vertolk deur sekere karakters binne die teater van God se heerlijkheid (tyd en konteks). Die vraag is hoe Calvyn se denke in hierdie verband help. Wat maak Calvyn se teologie relevant in antwoord op die vraag in die praktiese teologie: Quo vadis?

Volgens Smit (2008a) word die antwoord in die reformatoriese ekklesiologie gevind wat van die begin af uitgedaag is oor hoe hulle hulself “kerk” kon noem in die aangesig van die groot en magtige heilsinstituut van die Rooms-Katolieke Kerk.

Is hierdie sigbare instelling dan nie die een, heilige, katolieke en apostoliese kerk wat hulle in die Credo bely nie? Hoe kan hulleself dan óók kerk wees? Wat is die kerk dan? Waar is die kerk? Hoe herken 'n mens die kerk? (Smit, 2008a:2.)

In die Lutherse leer van die kerk word die vraag beantwoord in Artikel VII van die Augsburgse Konfessie. Die kerk is waar die *evangelie reg gepreek en die sakramente reg bedien* word. Volgens die Lutherane is dit tot vandag toe genoegsaam en waar dit gebeur is die kerk. Volgens Smit (2008a:2) stem die gereformeerde tradisie hiermee saam, maar as Calvyn in Boek 3 van sy *Institusie* sy bespreking van die leer van die kerk met hierdie vraag begin, dan voeg hy die woorde *atque audiri (en ook gehoor)* daarby. Die kerk is dus herkenbaar waar die evangelie reg gepreek “en ook gehoor” word, en die sakramente reg bedien word. Daarmee wou Calvyn

seker maak dat ons onthou dat die evangelie nie net gepreek wil wees nie, maar ook gehoor wil word. Dit beteken gehoorsaam, geleef en “opgevoer” word.

Laasgenoemde het ingrypende implikasies vir die Christelike lewe en die vraag na die toekoms van praktiese teologie, want in dramatiese taal vind ’n mens die *en ook gehoor* in die opvoering van die intrige, in die “faithful performances, enacting Christian tradition”.⁵ Soos egter reeds aangedui, was dit vir Calvyn nie net hierdie plot van die Christelike lewe wat belangrik is nie, maar ook die verhoog (die openbare lewe en die samelewing), die teks (*script*) en die karakters en hulle roeping.

Hieruit kan vier fokusareas of rigtingwysers vir die toekoms van die praktiese teologie aangestip word, wat ook die vier basiese komponente vir ’n teodramatiese benadering tot die praktiese teologie vorm. Die areas is naamlik die verhoog (*stage*) waarop die drama afspeel, die teks of draaiboek (*script*) wat opgevoer word, die plot of opvoering (*performance*) en die akteurs (*cast*) wat ’n verskeidenheid van rolle speel.

5. Die verhoog

5.1 Inleiding

Calvyn, soos baie ander humaniste gedurende die Renaissance, het geglo dat sy tyd vasgevang was in ’n geestelike en morele krisis waarvan die oplossing in harde werk gevind moes word. Om mee te werk om die wêreldverhoog ’n beter plek te maak, het Calvyn as die mens se “roeping” beskryf. Volgens hom het God profete en onderwysers gestuur “to bring the world to order”.⁶ In hierdie verantwoordelikheid wat hy vir die wêreld aanvaar het, kan ’n mens ook die invloed van die humanistiese ideale vir die openbare lewe onderskei.

Calvyn se program vir die probleme van sy tyd het gespruit uit sy oortuiging dat God, met die verskyning van Jesus Christus as hoofkarakter op die verhoog, as ’t ware die wêreldverhoog toegeëien het. Deur die bloed wat Jesus offer, heilig God as ’t ware die ver-

5 Vergelyk die veelseggende titel van Hart en Guthrie (2007) se boek: *Faithful performances: enacting Christian tradition*.

6 Vergelyk sy kommentaar oor Jeremia 1:9-11.

hoog sodat ons onder die heerskappy van God kan leef (teokrasie). Dit beteken dat godsdienstige hervorming nie los staan van die hervorming van die sekulêre lewe nie. God het dus, volgens Calvyn, die reformasie van die ganse wêreldverhoog in gedagte (Bouwsma, 1988:191-192).

Calvyn was diep begaan oor wat op hierdie verhoog afspeel.

Hy het die diakonaat soos ons dit ken begin, om sosiale nood te verlig, hy het hospitale uitgebou, onderwys en 'n universiteit gevestig, armoede help bestry, maatskaplike omstandighede help verander, nuwe ekonomiese gedagtes verbrei, tot vernuwing van die regstelsel bygedra, en aktief meegedoen aan plaaslike en internasionale politiek. (Smit, 2009.)

Kortom, Calvyn wou van die stad, Genève, 'n beter plek maak om in te leef, omdat hy oortuig was dat die hele stad en al sy mense aan God behoort.

5.2 Analise van die verhoog

Verskeie outeurs is daarvan oortuig dat ons huidige tydsgewrig steeds worstel met die *geestelike en morele krisis* waarvan Calvyn 500 jaar gelede gepraat het.⁷ Die aard, omvang en oorsake verskil, maar in wese het ons met soortgelyke krisis te make.

5.2.1 Wat is aan die gebeur?

Een van die eerste uitdagings vir die praktiese teologie is geleë in 'n grondige empiries-deskriptiewe analise van die verhoog waarop hierdie krisis afspeel.⁸ Die vrae wat dus hier op die voorgrond tree, is: *Wat is aan die gebeur? Waarom gebeur dit?* Die belang van interdisiplinêre samewerking⁹ en die gebruik van metodologieë

7 Vergelyk onder andere die werk van Boesak (2005), Cilliers (2007), Smit (2008b) en Stevenson-Moessner (2008) waarin sake soos rassisme, seksisme, geweld, ekologiese wanbalanse, mense wat op die grense van die samelewing woon, politieke, ekonomiese en vele ander sake aan die orde gestel word.

8 Osmer (2008:4) onderskei vier take vir die praktiese teologie, naamlik die empiries-deskriptiewe, interpretatiewe, normatiewe en strategiese take.

9 Aan die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit Teologie speel die Beyers Naudé-sentrum vir publieke teologie 'n belangrike rol deur publikasies en konferensies om die groter konteks in terme van globalisasie, demokrasie, kapitalisme en dies meer te help ontleed.

vanuit die ander geesteswetenskappe, veral die sosiale wetenskappe, spreek vanself.¹⁰

Hierdie ontwikkelings sluit aan by nasionale (vgl. Pieterse, 2001) en internasionale (vgl. die werk van Browning & Burkhardt, 1983; Browning, 1991; Heitink, 1999 en andere) skuiwe na ’n meer empiriese benadering binne die veld. ’n Publikasie wat ’n magdom empiriese data bevat is die *South African Christian handbook* (Symington, 2007) wat tweejaarliks verskyn met bydraes oor algemeen godsdienstig-demografiese data, religieuse affiliasie, kerkbywoning, die rol van die kerk in die hantering van sosiale probleme, die opleiding van Christenleiers en nog meer.¹¹

Wat *navorsingsmetodologie* betref, word daar, behalwe vir kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes, ook al hoe meer aangesluit by die kritiese paradigma en gebruik gemaak van deelnemende aksienavorsing (PAR – participatory action research) (vgl. Babbie & Mouton, 2008; Wepener, 2005; en Hendriks, 2004). In hierdie verband word daar reeds vir ’n geruime tyd van ’n “aangepasde etnografiese metode” vir die analise van gemeentes gebruik gemaak.¹² PAR word ook sinvol gebruik vir die analise van die “sosiale kapitaal” wat in geloofsgemeenskappe opgesluit is en die rol wat sodanige gemeenskappe speel in die verdere ontsluiting van die vorms van kapitaal (vgl. Wepener, 2005; en Nell, 2009).

In aansluiting by ’n teodramatiese paradigma is ’n metode wat binne kwalitatiewe navorsing al meer op die voorgrond tree, die sogenaamde “dramaturgical interviewing” waar van dramatologiese kategorieë gebruik gemaak word om die onderhoudproses aan te pak. Hier kan die navorsers in die voer van die (hoofsaaklik nie-gestruktureerde) onderhoud die rolle van akteur, regisseur en choreograaf met mekaar afwissel en die vrae dus vanuit verskillende perspektiewe hanteer. Verder is die rol van nie-verbale kommunika-

10 Daar bestaan ’n verskeidenheid oortuigings oor die gebruik van veral die metodes in die sosiale wetenskappe. Vergelyk onder andere die bydraes van Van der Ven (1993).

11 Vergelyk ook die rol wat *Kerkspieël* (Schoeman & Bischoff, 2004) oor die afgelope twee dekades gespeel het om ons op hoogte te hou van lidmaat- en ander statistiek.

12 Vergelyk Taylor en Marais (2007) se “pushing through the pain”. Taylor sluit aan by die metode van Whitehead en Whitehead (1995).

kasie en die bewussyn van die onderhoudvoerder se eie affeksie tydens onderhoudvoering belangrik.¹³

5.2.2 Waarom gebeur dit?

Saam met die “wat is aan die gebeur”-vraag van die empiries-deskriptiewe analise, is daar ’n tweede vraag, naamlik *Waarom gebeur dinge so?* Dit vorm deel van die sogenaamde *interpretatiewe taak* binne die praktiese teologie (Osmer, 2008:4). Daar word van ’n “kultuur heremeneutiek” gepraat, dus pogings om dit wat op die verhoog aan die gebeur is, binne spesifieke kontekste te interpreteer en te verstaan (vgl. Maluleke, 2008; Louw, 2008; Burger, 1999; en Vanhoozer, 2005). Wat die toekoms van praktiese teologie betref, lê een van die belangrikste uitdagings hierin, naamlik om ’n verantwoordelike kultuur-hermeneutiek te ontwikkel wat moet help om die makro-, meso- en mikrokontekste vir individue, die kerk en die samelewing te interpreteer.¹⁴

’n Nuwe veld binne die praktiese teologie wat besondere klem op die verskillende kontekste laat val, is dié van gemeenskapsontwikkeling. Die bydrae van Swart (2008), wat in die *International journal of practical theology* verskyn het, was die fokusartikel oor ’n “opkomende veld van navorsing in praktiese teologie”, en gee ’n aanduiding van die potensiaal wat verdere navorsing in hierdie verband inhou. In 2008 verskyn ook die artikel van De Gruchy, Koopman en Strijbos, *From our side: emerging perspectives on development and ethics* (De Gruchy & Ellis, 2008), in die bundel waarin verskeie geleerdes bydraes lewer en die uitdagings vir praktiese teologie uitspel.

6. Die teks

6.1 Inleiding

As die wêreld die “teater van God se glorie” is, dan ontstaan die volgende vraag: Hóé word daar gekyk en wát word van God se handeling in hierdie teater raakgesien? Daarvoor het die waarnemer ’n spesifieke bril nodig. Calvyn (2006, 1:vi, 1) gebruik die bekende beeld van die Skrif as lens of ’n bril wat die mens in staat stel om die

13 Vergelyk die werk van Berg (2007) wat “dramaturgical interviewing” as ’n aparte onderafdeling in sy werk oor kwalitatiewe navorsing hanteer.

14 Vergelyk veral die konteksanalise van Hendriks (2004) wat hy by Ammerman (1999) kry en dit binne ’n Afrika-konteks aanpas en vertaal.

gebeure in die teater te interpreteer en te verstaan. Dit was in hierdie verband wat Calvyn ook geglo het dat die Skrif die Woord van God is, waar gelowiges nie die getuienis van die kerk nodig gehad het om die outoriteit daarvan te waardeer nie, aangesien dit ’n selfgetuienis bevat wat deur die Heilige Gees versterk word (*sola Scriptura*). Woord en Gees hoort dus bymekaar (Calvin, 2006, 1:vii, 2 en 4).

Calvyn se bekering tot leersaamheid en die outoriteit wat hy aan die Bybel toeken, maak van hom ’n ywerige ondersoeker van die Skrif (Van ’t Spijker, 1990:143). Dit beteken onder andere dat die Skrif vir Calvyn die teksboek was waardeur God die onderrig aan sy kinders aanbied. Daarom was die kerk vir Calvyn “God se skool” en was lering en prediking vir hom sinonieme.

6.2 Omgang met die teks

In die nadenke oor die rol van die teks (*script*, Bybel) in die toekoms van praktiese teologie, kan Calvyn se insigte met vrug gebruik word in die soeke na ’n herdramatisering, spesifiek met betrekking tot die “outoriteit” wat Calvyn aan die Skrif toeken. Die insigte van die Nuwe-Testamentikus Tom Wright (2008:4) is verhelderend wanneer hy die outoriteit en dramatiese aard van die Bybel aan mekaar verbind. Hy stel dit soos volg:

How can a *narrative* be *authoritative*? This is the right question to ask, and it raises some exciting possibilities ... scripture offers precisely *the unfinished narrative of God’s heaven-and-earth project*, God’s great design, as Paul puts it, echoing the Law and the Prophets, to join everything in heaven and earth into one in Christ. And the unfinished narrative functions like an unfinished play, in which those who belong to Jesus Christ are now called to be the actors, taking forward the drama towards its intended conclusion. This is actually a far stronger, and more robust, version of ‘authority’ than the one which simply imagines the Bible as a source-book for true dogmatic and ethical propositions. Of course such propositions are to be found in it, and they matter; but they matter as the tips of a much, much larger iceberg, which is the entire drama. And it is by soaking ourselves in that whole drama that we, God’s people in Christ Jesus, are to live with and under scripture’s authority, not simply by knowing which bits to look up on which topics, but by becoming people of this story, people formed and shaped in our imaginations and intuitions by the overall narrative, so that we come to know by second nature not only *what* scripture says on particular topics but *why* it says those things ... We are, in

short, to be *improvisers*, which as any musician knows doesn't mean playing out of tune or out of time but rather discerning what is appropriate in terms of the story so far and the story's intended conclusion.

Praktiese teologie vanuit 'n teodramatiese perspektief vind 'n sinvolle aansluiting by hierdie gedagtes van Wright. Daar is 'n groeiende bewussyn dat vir 'n verbeeldingryke en improviserende opvoering van die plot in praktiese gemeenteweese, 'n goeie kennis van die *wat* en die *waarom* van die Skrif van groot belang is (vgl. ook Theissen, 2007; en Anderson, 1988). Die gesamentlike lees van die Bybel binne die Afrikakonteks is daarom baie belangrik. Verskeie bydraes van Nuwe-Testamentici in die bundel van Breytenbach *et al.* (2006), *The New Testament interpreted*, help om die nodige sensitiwiteit vir kontekstualiteit in die lees van Skrif (*script*) te ontwikkel.

'n Verdere uitdaging vir praktiese teologie is 'n grondige studie van die ontstaan van die verskillende geloofsgemeenskappe in die Nuwe Testament en vroeë kerk. Die bundel van Burger en Nell (2002), *Draers van die waarheid: Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente*, is 'n poging in hierdie rigting. 'n Onlangse konferensie¹⁵ "Wat kan ons uit die boek Handeling oor missionêre gemeenteweese leer?" het nie net verskeie interessante perspektiewe geopen nie, maar wys ook op die waarde wat interdisiplinêre samewerking vir die lees van die Bybel het.

7. Die plot

7.1 Inleiding

Die reformasie van die wêreldverhoog was vir Calvyn direk afhanklik van die verbetering en verandering van die mens, dus van die karakters wat aan die drama deelneem. "[T]he crucial arena for the reformation was the church, for only the church, through the grace of the Holy Spirit, could reform the human heart." (Bouwsma, 1988: 214.)

Dit is interessant om te sien hoedat Calvyn die rol van die moeder kies om die plot van die gebeure te beskryf:

15 Die konferensie het van 18-20 Mei 2009 in Stellenbosch plaasgevind en die tema van die konferensie was: "Die missionêre kerk in Handeling". Dit was 'n gesamentlike projek van die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch en Communitas.

The church, he thought, should rather be a loving mother who bears, nourishes, and preserves her spiritual children. ‘There is no other way to enter into life,’ he wrote, ‘but that his mother should conceive us in her womb, give us birth, feed us at her breast, and lastly keep us under her care and guidance until, putting off mortal flesh, we become like angels’. (Bouwsma, 1988:214.)

Die eenheid van die kerk was dus vir Calvyn baie belangrik, maar hierdie eenheid was nie in menslike pogings geleë wat in elk geval futiel was nie, maar ’n eenheid in Christus en wel ’n eenheid in woord en daad. Dit was deur die geboorte van hierdie Kind en sy toetrede tot die wêreldverhoog waardeur nie net die eenheid nie, maar ook die plot algaande begin vorm kry het.

In deel 4 van sy *Institusie* is dit duidelik dat, wanneer Calvyn nadink oor die plot van die kerk, hy die plaaslike geloofsgemeenskap (in die sin van byvoorbeeld die kerk in Genève) in gedagte het. Vir hom was dit ’n praktiese en funksionerende gemeenskap en daarom in die eerste plek ’n gemeenskap in geloof. Dit is binne hierdie geloofsgemeenskap waar die geloofspraktyke, beginnende by die nagmaal, “opgevoer” moet word en waar gelowiges aan mekaar gebind word. ’n Mens sou dus kon sê dat daar drie aspekte was wat vir Calvyn deel van elkeen van hierdie opvoerings moes wees, naamlik die suiwer verkondiging van die Woord, die deelname aan die sakramente en die rol van kerklike tug (Van ’t Spijker, 1990:161).

7.2 Die “opvoer” van geloofspraktyke

Wanneer die toetrede van Christus op die wêreldverhoog as die klimaktiese toneel beskryf word, is die sogenaamde *Christopraxis* die sentrum van belangstelling vanuit ’n teodramatiese paradigma. Hier kry ’n mens met die normatiewe taak van praktiese teologie te make in die vraag: *Wat behoort te gebeur?* In die *Christopraxis* gaan dit oor die gemeente as gemeenskap van dissipels wat deelneem aan Jesus se missie van verlossing.¹⁶ Die volgende vorm deel van die gemeentelike praxis as interafhanklike onderdele van die plot: *marturia* (profeties), *diakonia* (priesterlik), *transfigurasië* (doksolo-

16 Osmer (2005:203-236) maak van die insigte van Moltmann (1975) gebruik om die *Christopraxis* te ontwikkel aan die hand van die *munus triplex*. Hierin brei hy die drievoudige amp van profeet, priester en koning verder uit met twee addisionele dimensies van Christus se sending, naamlik Christus se getransfigurerde menslikheid (doksologie) en Christus as vriend.

gies), *didache* (koninklik), *koinonia* (oop gemeenskap) of Christus as vriend.

Hierdie christologies-gefundeerde basis vorm die normatiewe perspektief vir die Christopraksis van gemeentes en kan soos volg saamgevat word (Osmer, 2005:222-225):

- Die *profetiese dimensie* lê aan die hart van Jesus se messiaanse en aardse bediening en hou verband met die goeie nuus (evangelie) van Jesus dat die koninkryk naby gekom het. Kernpraktyke wat met *marturia* verband hou, is prediking, getuienis en evangelisasie.
- Die *priesterlike dimensie* fokus op Christus se selfgawe in liefde wat die wêreld van die sonde en die dood verlos en in die regte verhouding met Christus bring. Kernpraktyke wat met *diakonia* verband hou, is die nagmaal, onderlinge sorg in die sin van diakonaat en maatskaplike betrokkenheid in die vorm van hulp aan diegene in nood en geregtigheid.
- Die *dimensie van Christus se transfigurasie* wys heen na die skoonheid van Christus se eskatologiese opstanding. Kernpraktyke wat met doksologie verband hou, is die onderhouding van die sabbat, die lof van God deur musiek, gebede, liedere, danse, poësie en so meer.
- Die *koninklike dimensie* fokus op die eskatologiese heerskappy van die opgestane en verheerlikte Christus. Kernpraktyke wat met *didache* verband hou, is kategese, morele vorming en opvoeding en onderskeiding.
- Die *oop vriendskap en gemeenskap* met Christus het te make met die goddelike perichorese waaraan die drie-enige God deelneem. Kernpraktyke wat met *koinonia* verband hou, is die doop, geestelike gawes (charismata) en gasvryheid.

Hierdie verskillende onderafdelings van die plot in die sogenaamde Christopraksis, word deur verskeie outeurs as die basiese bedienings van die kerk hanteer (vgl. Burger, 1999). Die belang van laasgenoemde is geleë in die waarde wat dit het om ondersoek in te stel na sterk en swak punte van 'n gemeente se Christopraksis. Indien dele van die plot ontbreek of nie aandag ontvang nie, is dit heel moontlik dat die geloofsgemeenskap se visie en missie 'n risiko loop om te ontspoor. Dit raak 'n "swak vertoning". So 'n normatiewe raamwerk is dus noodsaaklik vir die gesonde ontwikkeling van die plot.

Die plot van die Christopraxis sluit goed aan by ’n missionêre eklesiologie waarin die *missio Dei* beklemtoon word (vgl. Bosch, 1991; en Newbiggin, 1992). Van Gelder (2007:121) verduidelik die missionale paradigma soos volg:

... the missional church is missionary by nature – *the church is*. In living in the world, the missional church engages in ministry that is consistent with its nature – *the church does what it is*. Finally, the missional church seeks to bring order and organization to these activities – *the church organizes what it does*.

Die uitdaging vir die praktiese teologie lê in ’n voortdurende soeke na die heroriëntasie van haar geloofspraktyke. Daar is altyd die geneigdheid tot stagnasie waar die plot sonder nadenke herhaal word. Heitink (2007) praat van “een kerk met karakter” en wil deur hierdie persoonifikasie van die kerk (as instituut en ook organisme) as ’t ware op die dramatiese aard van die kerk se wese in die verlede en hede wys. Soos daar in die individu se lewe voortdurende karakterontwikkeling plaasvind, is dit net so noodsaaklik vir kerke en gemeentes.

Brouwer *et al.* (2007:13-15) gebruik die beeld van die kerk as ’n “lewende liggaam” wat iewers gebore word, deur sekere fases van ontwikkeling gaan en ook tot sterwe kan kom. Geloofsgemeenskappe deurloop dus ’n lewenssiklus – van kerkplanting tot kerksluiting. Hierdie lewenssiklus is in voortdurende wisselwerking met die konteks en kultuur.

7.3 Improvisasie

Wat nodig is vir die kerk om te heroriënteer, lewend te bly en aan die plot te bly ontwikkel, is om aandag te skenk aan improvisasie. Wells (2004:51-55) is van mening dat die God-mensdrama in vyf tonele afspeel met die skepping as die eerste, Israel as die tweede, Jesus as die derde, die kerk as die vierde en die eskaton as die vyfde toneel. Deur die kerk deel van die vierde toneel te maak, suggereer hy dat God reeds aan die kerk al die gawes geskenk het om die plot geloofwaardig voort te leef. Gawes is beliggaam in die verskillende geloofspraktyke soos dit hierbo beskryf is.

Faithfulness is but effectiveness measured against a much longer timescale: since Act Three has happened and Act Five is to follow, Christians can afford to fail, because they trust in Christ’s victory and in God’s ultimate victory. (Wells, 2004:55.)

In die vierde hoofstuk van sy boek maak Wells nog 'n belangriker suggestie deur daarop te wys dat die Christelike lewe as drama nie genoegsaam is as dit bloot oor die opvoering (*performance*) gaan nie. Hy meen dat *improvisasie* 'n beter beskrywing van dissipelskap as *opvoering* is en skryf “improvisation is the only term that can adequately describes the desire to cherish a tradition without being locked in the past ...”. Wells (2004:65-66) wys voorts dat improve-sasie, soos die Christelike lewe, “requires more than repetition, more even than interpretation – but not so much as origination, or creation de novo”. Vir die kerk in die vierde toneel is dit dus vir hom die mees gepasde “mode van bestaan”.

8. Die karakters

8.1 Inleiding

Vir enige drama om sin te maak en om van die opening tot die slot deur die verskillende tonele te beweeg (vgl. Wells, 2004 se voorstel), vra harde werk van sowel die regisseur as die karakters en almal wat deel uitmaak van die opvoering. Elkeen moet weet wat sy/haar rol behels en waar en wanneer om tot die verhoog toe te tree.

Die gedagte van “organisasie, leiding en dissipline” was vir Calvyn van sentrale belang om dit vir mense moontlik te maak om in gemeenskaplike vrede en eenstemmigheid met mekaar saam te leef (Calvin, 2006, 4:x, 27). Die kerk het volgens hom in sy tyd ook leierskap nodig gehad wat analoog moes wees aan die tipe leierskap wat 'n mens in die sekulêre wêreld aangetref het. Daarom was die amp van “pastor” of “leraar” vir Calvyn so belangrik. Dit moes iemand wees wat oor die nodige talente, wysheid en gawes beskik om hierdie rol met outoriteit te kon speel (Bouwsma, 1988:217).

Om hierdie dissipline binne die gemeenskap uit te oefen, het Calvyn in Genève 'n “raad van ouderlinge” saamgestel wat privaat ontmoet het, sodat hulle gesprekke, in die afwesigheid van die menigte, ordelik kon geskied (Calvin, 2006, 4:xi, 6). Dit was veral rondom die gebruik van en toelating tot die nagmaal wat hierdie dissipline besondere betekenis gekry het. Binne die raad van ouderlinge was die rol van die predikant (*pastoral office*) van besondere betekenis. Die amp van predikant was vir Calvyn “the chief sinew by which believers are held together in one body”. Volgens hom was dit deur hulle wat God sy gawes aan die kerk verspei het (Calvin, 2006, 4:iii, 11).

Die roeping van die predikant was ook vir hom baie belangrik. Dit het uit twee aspekte bestaan, naamlik die interne roeping en voorbereiding deur die Heilige Gees en ’n eksterne roeping wat verband gehou het met ’n spesifieke gemeente (Calvin, 2006, 4:iii, 11). Hierdie roeping was nie eenvoudig en maklik nie. Dit was ’n geweldige las wat op die geroepe persoon se skouers geplaas is en het dikwels met angstigheid en onsekerheid gepaard gegaan. Calvyn het groot begrip gehad vir diegene wat mismoedig met die bediening geraak het.

8.2 Die rol van leierskap

In prakties-teologiese nadenke oor die deelname van die verskillende karakters aan die God-mensdrama, is die vraag nie net na die rol wat elkeen van die karakters speel nie, maar ook na die rol wat elkeen het om die kwaliteit van die drama te verbeter. Dit is die strategiese taak (Osmer, 2008:4) in die praktiese teologie en die vraag is: Hoe *verander* ’n mens die praktyk en van watter strategieë word gebruik gemaak? Die rol van leierskap moet hier sterk na vore kom.

In leierskapsteorieë word gewoonlik tussen drie vorms van leierskap onderskei.¹⁷

- Die eerste vorm van leierskap is *taak-leierskap*. Dit is die vermoë wat leiers ontwikkel om binne organisasies spesifieke rolle te vertolk wat eiesoortige vaardighede vereis. In kerk- en gemeenteverband het dit te make met die rol wat leiers speel om byvoorbeeld ’n erediens te lei, die Woord te verkondig, lidmate te onderlig, ’n kleingroep te stig, pastorale sorg te beoefen, vergaderings te lei en siek mense te besoek. Om toegerus te wees en geroepe te voel om hierdie verskillende rolle te vul, is ’n belangrike deel van leierskap en kan beskou word as die spreekwoordelike “business as usual”. ’n Groot deel van teologiese opleiding gaan oor die voorbereiding van studente om die verskillende rolle met die nodige kennis, gesindheid en vaardighede binne ’n verskeidenheid geloofsgemeenskappe te kan vervul.
- Dit tweede vorm van leierskap is *transaksionele leierskap*. Hierdie vorm van leierskap bestaan uit resiprositeit, dus uit die wederkerigheid van waar ek iets vir iemand anders doen en hy/sy weer

17 Vergelyk onder andere die werk van Burns (1978), Hackman en Johnson (1996), Burke (2002), Quinn (2004) en Osmer (2008).

iets vir my sal doen. Dit is 'n "trans-akt" of wederkerige handeling van gee en ontvang. In die leierskap van organisasies vind dit, volgens Osmer (2008:176), op twee basiese maniere plaas:

(1) meeting the needs of those involved in an organization in return for their contribution to the organization, and (2) making political trade-offs to deal with competing agendas of different coalitions in an organization so it can best accomplish its purpose.

- Die derde vorm van leierskap is *transformasie leierskap*. Hierdie vorm van leierskap impliseer "deep change" soos Quinn (2004:-200) daarna verwys en hou verband met die lei van 'n organisasie deur 'n proses waarin die identiteit, missie en kultuur fundamenteel verander word. Binne gemeenteverband het dit te make met veranderings in byvoorbeeld die aanbidding, gemeenskapsvorming, uitreik na ander en gasvryheid jeens nuwe lidmate. Dit sluit ook die ontwikkeling in van 'n visie van wat die gemeente in staat is om te word en die mobilisering van volgelinge wat bereid is om hulle aan hierdie visie te verbind.

Die uitdaging vir die praktiese teologie is om aan al drie leierskapsvorms aandag te skenk. 'n Goeie uitklaring van die onderskeie rolle is noodsaaklik deur 'n deeglike verrekening van die veranderende konteks.¹⁸ Wanneer hierdie vorms van leierskap aan die ontwikkeling van "sosiale kapitaal" gekoppel word, help dit met die uitklaring van verantwoordelikhede.¹⁹

8.3 Heroriëntasie

Kritzinger (2010:211) meen dat daar 'n algehele paradigmaskuif en totale heroriëntasie van die bediening nodig is indien die bediening (priesterskap) van alle gelowiges belangrik is. Hy daag die hoofstroomkerke uit om hulle bedieningsmodelle en teologiese opleiding binne die Afrikakonteks te herbedink. Dit is veral die opleiding van die sogenaamde "lay leaders" wat binne die Suider-Afrikaanse konteks (lees opleidingsinstellings) dringend nodig is. Volgens hom moet selfs gekyk word op watter maniere laasgenoemde leiers

18 Vergelyk die bydraes van Burger en Wepener (2004a; 2004b) oor die predikantsamp. 'n Interessante bydrae vanuit die VSA oor die verskillende rolle van die pastor, is die werk van Willimon (2002).

19 Vergelyk my voordrag by die Handelinge-konferensie (Nell, 2009) oor leierskap in Handelinge gesien deur die lens van leierskap en sosiale kapitaal.

georden sou kon word met die taak van die tradisionele leiers om laasgenoemde vir die bediening toe te rus. Teologiese opleiding moet volgens hom waak teen intellektuele elitisme en meer aandag skenk aan die bediening in plattelandse gebiede wat nie voltydse leraars kan bekostig nie.

Keifert (2007) en die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes²⁰ werk reeds vir ’n geruime tyd daaraan om modelle te ontwikkel wat (hoofsaaklik hoofstroom-) gemeentes help om weg te beweeg van instandhouding na missionale transformasie. Hierin speel leierskap ’n sentrale rol en die toerusting van gewone lidmate om leiersrolle te vertolk is in die sentrum van belangstelling.

9. Konklusie

Bouwsma (1988:222) sluit sy biografie oor Calvyn met die volgende woorde af:

There is clearly much evidence to support the notion of a severe and authoritarian Calvin. But, as always, there is another side to him, even as a churchman. He could also be flexible, politic, accommodating to circumstance, considerate to human weakness and need, and above all practical.

Uit hierdie aanhaling wat die ander kant van Calvyn beskryf, is dit duidelik dat Calvyn beslis ook ’n praktiese teoloog was vir wie die menswaardigheid van mense belangrik was. Sy eie ervaring van vlugtelingwees het nie net ’n groot invloed op sy prakties-teologiese nadenke gehad nie, maar ’n blywende rol gespeel in die teologiese klem wat hy ook op gasvryheid jeens ander geplaas het.²¹

In die lig van bogenoemde sou ’n mens die rol en plek van Praktiese Teologie binne die ensiklopedie van teologie soos volg kon saamvat: Om die verantwoordelikheid te aanvaar om deur studie, navorsing en die onderrig van studente, geloofsgemeenskappe en leiers te help om die God-mensdrama deur improvisasie op te voer.

20 Die Suid-Afrikaanse Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes is reeds vir vyf jaar in Suid-Afrika aan die werk. In hierdie tyd is reeds verskeie *clusters* van gemeentes gevorm waar die doel is om in vennootskap met ander gemeentes ’n proses van transformasie aan die gang te sit, met ’n besondere fokus op die missionale aard van gemeentes.

21 Vergelyk die artikel van Vosloo (2009) waarin hy Calvyn se vlugtelingskap gebruik as lens waardeur hy op nuwe maniere sy lewe en teologie onder die soeklig plaas.

Hierdie opvoering moet sodanig wees dat die liefde van God deur die “plot van geloofspraktyke” op ’n geloofwaardige manier mense sal inspireer om deel te neem aan hierdie drama. Hierdeur kan mense bydra tot eenheid, versoening en geregtigheid op die wêreldverhoog as teater van God se glorie.²²

Geraadpleegde bronne

- AMMERMAN, N. 1999. *Congregation and community*. New Brunswick: Rutgers University Press.
- ANDERSON, B. 1988. *The unfolding drama of the Bible*. 4th ed. Minneapolis: Fortress.
- BABBIE, E. & MOUTON, J. 2008. *The practice of social research*. Oxford: Oxford University Press.
- BARISH, J. 1981. *The antitheatrical prejudice*. Berkeley: University of California Press.
- BERG, B. 2007. *Qualitative research methods for the social sciences*. Boston: Pearson/Allyn & Bacon.
- BOESAK, A. 2005. *The tenderness of conscience: African renaissance and the spirituality of politics*. Stellenbosch: Sun Press.
- BOSCH, D. 1991. *Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission*. Maryknoll: Orbis.
- BOUWSMA, W. 1988. *John Calvin: a sixteenth century portrait*. New York: Oxford University Press.
- BREYTENBACH, C., THOM, J.C. & PUNT, J., eds. 2006. *The New Testament interpreted: essays in honour of Bernard C. Lategan*. Leiden: Brill.
- BROUWER, R.D., GROOT, C.N., SENGERS, E., STOPPELS, S. & ROEST, H. 2007. *Levend licchaam: dinamiek van Christelike geloofsgemeenschappen in Nederland*. Kampen: Kok.
- BROWN, D. 2008. *God and mystery in words: experience through metaphor and drama*. Oxford: Oxford University Press.
- BROWNING, D. 1991. *A fundamental practical theology: descriptive and strategic proposals*. Minneapolis: Fortress.
- BROWNING, D.S. & BURKHARDT, J.E. 1983. *Practical theology: the emerging field in theology, church and world*. San Francisco: Harper & Row.
- BURGER, C. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: Buvton.
- BURGER, C. 2004. Die predikantsamp. Dl. 4: Predikantwees in die gereformeerde tradisie in die 21ste eeu – nuwe uitdagings en nuwe tendense. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 45(3 & 4):529-537.
- BURGER, C. & NELL, I.A. 2002. *Draers van die waarheid: Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente*. Stellenbosch: Buvton.

22 In ’n referaat wat Nell by die *Societas Homiletica* in Kopenhagen, Denemarke (Junie 2008) gelewer het, is gepoog om die Belydenis van Belhar as drie momente in die opvoering van die drama se plot uit te spel (vgl. Nell, 2008).

- BURGER, C. & WEPENER, C. 2004a. Die predikantsamp. Dl. 1: Onduidelikheid oor die kerninhoud van die predikantsamp. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 45(1 & 2):6-14.
- BURGER, C. & WEPENER, C. 2004b. Die predikantsamp. Dl. 2: Op soek na ’n bybelse visie van die amp: ironieë en verrassings. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 45(1 & 2):15-22.
- BURKE, W. 2002. Organization change: theory and practice. Thousand Oaks: Sage.
- BURNS, J. 1978. Leadership. New York: Harper & Row.
- CALVIN, J. 2006. Institutes of the Christian religion. Ed. by J.T. McNeill. Trans. by F.L. Battles. London: Westminster John Knox.
- CHILDERS, J. & SMITH, C.J., eds. 2008. Performance in preaching: bringing the sermon to life. Grand Rapids: Baker.
- CILLIERS, J. 2007. Preaching as language of hope in a context of HIV and AIDS. (In Vos, C., Hogan, L. & Cilliers, J.H. Preaching as a language of hope. Pretoria: Protea Book House. p. 155-176.)
- DE GRUCHY, S. & ELLIS, W. 2008. Christian leadership in “another country”: contributing to an ethical development agenda in South Africa today. (In De Gruchy, S.K., Koopman, N. & Strijbos, S. From our side: emerging perspectives on development and ethics. Amsterdam: Rozenburg Publishers. p. 9-20.)
- DURAND, J. 2002. Ontluisterde wêreld: die Afrikaner en sy kerk in ’n veranderende Suid-Afrika. Wellington: Lux Verbi.BM.
- DURAND, J. 2007. The many faces of God: highways and byways on the route towards an orthodox image of God in the history of Christianity from the first to the seventeenth century. Stellenbosch: Sun Press.
- GOOSEN, D. 2007. Nihilisme. Johannesburg: Praag.
- HACKMAN, M. & JOHNSON, C. 1996. Leadership: a communication perspective. Prospect Heights: Waveland.
- HART, T. & GUTHRIE, S.R. 2007. Faithful performances: enacting Christian tradition. Hampshire: Ashgate. (Ashgate studies in theology, imagination and the Arts.)
- HEALY, N. 2000. Church, world and the Christian life: practical-prophetic ecclesiology. Cambridge: Cambridge University Press.
- HEITINK, G. 1999. Practical theology: history, theory, action domains – manual for practical theology. Grand Rapids: Eerdmans.
- HEITINK, G. 2007. Een kerk met karakter: tijd voor heroriëntatie. Kampen: Kok.
- HENDRIKS, J. 2004. Studying congregations. Wellington: Lux Verbi.BM.
- IMMINK, F. 2003. In God geloven: een praktisch-theologische rekonstruksie. Zoetermeer: Meinema.
- KEIFERT, P. 2007. We are here now: a new missional era. Idaho: Allelon.
- KRITZINGER, J.N.J. 2010. Ministerial formation praxis in the Uniting Reformed Church in Southern Africa: in search of inclusion and authenticity. *Missionalia*, 38(2):211-234.
- LOUW, D. 2008. Cura vitae: illness and the healing of life. Wellington: Lux Verbi.BM.
- MALULEKE, T. 2008. A postcolonial (South) African church: problems and promises. Paper delivered at the annual Desmond Tutu Lecture at the University of the Western Cape.
- MARAIS, F. & TAYLOR, P.A. 2007. Push through the pain: the Spirit transforming churches across the world. (Unpublished.)

- MCGRATH, J. 1990. *The bone won't break: on theatre and hope in hard times*. London: Methuen.
- MOLTMANN, J. 1975. *The church in the power of the Spirit: a contribution to messianic ecclesiology*. London: SCM.
- NELL, I. 2008. In search of meaning: moving from the prophet's voice to prophecy in community. Paper delivered at the 8th Meeting of the Societas Homiletica, Copenhagen, Denmark, Jun. 2008.
- NELL, I. 2009. Leadership in Acts through the lenses of social capital. Paper delivered at a conference with the theme: "What can we learn from the book of Acts about missional congregations?", Stellenbosch, 18-20 May.
- NEWBIGIN, L. 1992. The logic of mission. (*In* Sherer, J.A. & Bevans, S.B. *New directions in mission and evangelization*. Vol. 1: Basic statements 1974-1991. Maryknoll: Orbis Books. p. 36-51.)
- OSMER, R. 2005. *The teaching ministry of congregations*. Louisville: Westminster.
- OSMER, R. 2008. *Practical theology: an introduction*. Grand Rapids: Eerdmans.
- PIETERSE, H. 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria: Unisa.
- QUASH, B. 2005. *Theology and the drama of history*. Cambridge: Cambridge University Press. (Cambridge studies in Christian doctrine.)
- QUINN, R. 2004. *Building the bridges as you walk on them*. San Francisco: Bass.
- SCHOEMAN, K. & BISCHOFF, J. 2004. *Kerkspieël 2004: verslag aan die Algemene Sinode*. (Ongepubliseer.)
- SMIT, D. 2008a. En ook gehoor? Vrae rondom die gereformeerde siening van die kerk. W.D. Jonker-gedenklesing, Hervormingsondag. 25 Okt. 2008.
- SMIT, D. 2008b. Mainline protestantism in South Africa – and modernity? Tentative reflections for discussion. *Nederduitse Gereformeerde teologiese tydskrif*, 49(1 & 2):92-105.
- SMIT, D. 2009. Respons op intreerede van prof. Nico Koopman. Stellenbosch: Fakulteit Teologie.
- STEVENSON-MOESSNER, J. 2008. *Prelude to practical theology: variations on theory and practice*. Nashville: Abingdon.
- SWART, I. 2008. Meeting the challenge of poverty and exclusion: the emerging field of development research in South African practical theology. *International journal for practical theology*, 12(1):104-149.
- SYMINGTON, J., ed. 2007. *2007-2008 South African Christian handbook*. Wellington: Tydskriftemaatskappy.
- TER HAAR, G. 2008. Enchantment and identity: African Christians in Europe. *Archives de sciences sociales des religions*, 143:31-48, Jul.-Sept.
- THEISSEN, G. 2007. *The Bible and contemporary culture*. Minneapolis: Fortress.
- VAN DER VEN, J. 1993. *Practical theology: an empirical approach*. Kampen: Kok.
- VAN GELDER, C. 2007. *The ministry of the missional church: a community led by the Spirit*. Grand Rapids: Baker.
- VAN 'T SPIJKER, W. 1990. *De kerk: wezen, weg en werk van de kerk naar reformatorische opvatting*. Kampen: De Groot Goudriaan.
- VANHOOZER, K. 2005. *The drama of doctrine: a canonical-linguistic approach to Christian theology*. Louisville: Westminster John Knox.
- VON BALTHASAR, H.U. 1988. *Theo-drama: theological dramatic theory*. Vol. 1: Prolegomena. San Francisco: Ignatius Press.

- VOSLOO, R. 2009. The displaced Calvin: the "refugee reality" as a lens to re-examine Calvin's life and theology. *Religion & theology*, (in print).
- WELLS, S. 2004. *Improvisation: the drama of Christian ethics*. Grand Rapids: Brazos.
- WEPENER, C. 2005. Researching rituals: on the use of participatory action research within liturgical studies. *Practical theology in South Africa*, 20(1):109-127.
- WHITEHEAD, J.D. & WHITEHEAD, E.E. 1995. *Method in ministry: theological reflection and Christian ministry*. New York: Sheed & Ward.
- WILLIMON, W.H. 2002. *Pastor: the theology and practice of ordained ministry*. Grand Rapids: Abingdon.
- WRIGHT, N. 1992. *The New Testament and the people of God*. Minneapolis: Fortress.
- WRIGHT, N. 2008. *The Bible and tomorrow's world*. Lambeth Conference.

Kernbegrippe:

geloofspraktyke
improvisasie
leierskap
praktiese teologie
teodrama

Key concepts:

faith practices
improvisation
leadership
practical theology
theodrama